# *MARIA SE GELOOF*

Hoe gaan dit, Broer Moore? Dankie, Broer.

2 Dit was beslis, ek moet sê: “Amen,” daarop, die Here het ons vanmôre op ’n baie buitengewone manier geseën. Ek het iets in gedagte gehad waaroor ek sou praat, en dit net daar verander, en dis die soort byeenkomste waarvan ek hou, daardie soetheid van die Heilige Gees wat net inbeweeg, oor die gebou vloei.

3 En toe, die Heilige Gees, gisteraand, ek reken dit moes ’n profesie gewees het, ek het gesê die predikers agter my, dat hulle tyd sou kom, dat hulle opgeoffer het, en vanmôre, wel, voor ek nog eers kon begin, kwalik, het die goedheid van die Heilige Gees reguit uitgegaan onder daardie predikers, hulle as genees verklaar, reg daar onder deur, hulle hulle toestande vertel, en siektes, en wat nog. O, Hy’s goed, is Hy nie? Hy’s beslis, Hy’s ’n wonderlike Vader, ons is so dankbaar vir Hom.

4 En nou, môremiddag, as die Here wil, gaan ons die diens verander van môre-aand, na môremiddag. En ek dink dis goed, dit gee almal ’n kans om hulle kerke aan die gang te hou. Ek dink altyd dis ’n Christen se plig om op sy pos te staan. En op daardie manier, wanneer ons ’n—’n saamtrek soos hierdie het, wel, en die broers wat gewillig is om hulle kerke te sluit en hulle mense oor te stuur, ek sê nou vir al julle besoekers hier, wat hier buite die stad en weg van hierdie kerke is, gaan môre kerk toe, maak net julle keuse.

5 Daar’s ’n goeie klomp broers hier, en ’n paar goeie kerke wat glo in hierdie selfde Evangelie wat ons preek. Hulle staan hier, en hulle is, sal bly wees om julle môre-oggend by hulle Sondagskole te hê, en hulle kerke môre-aand. En nou, maak seker om een of ander kerk by te woon, die kerk wat julle verkies.

6 Ek reken die broers het julle vertel waar hulle een of ander soort reëlings getref het om te sê waar hulle is en wat daaromtrent; hulle doen dit gewoonlik. En jy word uitgenooi na almal van hulle. En so nou die kerk, waar jy ook al kerk toe gaan, watter een jy verteenwoordig, wat jy ook al wil doen, wel dit—dit sal net goed wees.

7 Nou, ek sien hulle in die rolprente kom, of iets. So, daar’s ’n groot Gees onder die mense, ’n groot herlewing beweeg blykbaar na hierdie kant toe. Ek vertrou dit sal nooit daardie pragtige Gees verloor wat in die diens was vanmôre nie. Dis—dis regtig iets wanneer jy God se goedheid en Sy genade sien wat ons kom seën, en die dinge doen wat Hy vanmôre gedoen het.

8 Nou, as die Here so wil, wil ek dit môremiddag ’n, soos ’n—’n goeie Christen-saamtrek hou, en net almal laat kom. Ons

gaan net môremiddag 'n evangelistiese preek lewer, as die Here wil. En Broer Leo, ons boekman, het gesê: "Broer Branham, jy behoort eenkeer hier onder te preek vir hierdie mense soos daardie outydse, reguit prediking."

9 Die Here goed is vir ons, wil ons hê julle moet in julle Bybels blaai as julle wil, of net die teks neerskryf, ek het net 'n vers om te lees, in Lukas, die 1ste hoofstuk, 37ste vers:

> *Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.*
>
> *En Maria sê, Hier is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.*

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

10 Ons Hemelse Vader, ons kom in die Naam van die Here Jesus om genade en vergifnis van ons tekortkominge te vra. Ons wil vanaand bid, Here, dat U sal voortgaan om ons te besoek in hierdie groot besoeke van U Heilige Gees, dat U Uself lewendig mag wys totdat U weer verskyn in fisiese vorm by die Tweede Koms.

11 Ons bid, Hemelse Vader, dat as daar enige onder ons sou wees wat U nog nooit aanvaar het as hulle eie dierbare, liefdevolle Verlosser nie, dat vanaand daardie tyd sal wees dat wanneer hulle daardie algenoegsame een sal maak: "Ja, Here, ek glo." Hulle wat so begin het en nog nie aangegaan het na die doop van die Gees nie, bid ons dat hulle, ook, sal oorgee, vanaand, aan die doop van die Heilige Gees.

12 Gisteraand was ons so bly, Here, om U te sien uitgaan onder die mense, diegene wat hulle hande opgesteek het dat hulle nie gebedskaartjies gehad het nie, U groot Heilige Gees sien uitgaan en die siekes en beproefdes genees, en hulle roep, maak net soos U het toe Dit gewoon het in die Liggaam van ons Here Jesus Christus, wat wys dat U steeds in U Kerk is, mense wat opstaan van draagbare en wegstap, en hulle wat sterwend was, by die laaste hoop, het die Lig van God gesien en Dit aanvaar, genees weggestap. Die groot diens vanmôre in die gemeenskap met die Heilige Gees, soos ons saam sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, O God, hoe lief is ons daarvoor!

13 En ons bid dat U ons U Hemelse seëninge sal gee vanaand. Moenie kyk na ons onwaardigheid nie, Here, want ons is onwaardig, en daar's niks wat ons kan doen om enigiets te verdien nie. So ons bely nederig dat ons—ons verkeerd is, en ons onregverdig is, en U alleen regverdig is, en ons kom in die Naam van die Here Jesus, soos Hy ons beveel het, met die belofte dat ons sal kry waarvoor ons vra.

14 God, ek gaan 'n groot ding van U vra, en ek bid dat die Heilige Gees elke hart hier sal deursoek vanaand, as hulle genesing nodig het, genees hulle, Here, wat hulle ook al nodig het, skenk

dit, Here, en moet my nie hier agter vergeet nie, moenie hierdie pragtige klomp predikers vergeet nie, Here.

15 Seën hulle kerke môre, mag dit, net gevul wees, en die Gees van God wat deur hulle beweeg. Mag daar 'n outydse herlewing uitbreek in hierdie streek hier, en net deur die volk gaan. Seën al die mense oral, Vader. Nou, soos ek hierdie paar woorde gelees het, bid ek dat U hulle in ons harte sal seën. Ons vra, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

16 Die oggendson het net opgekom oor die heuwel soos sy haar weg gebaan het langs die klein, bekende straatjie, afgekom het teen die heuwel waar sy gewoon het. En soos sy aangestap het met die waterpot onder haar arm, het sy miskien gedink, gemediteer, soos jong vroue gewoonlik maak, omtrent daardie ouderdom, kan aanstap en dink, en sy was op haar pad na die stad se put om die daaglikse voorraad water te kry. Daar word vir ons gesê dat haar moeder dood was, so sy het net soort van huisgehou vir haar en haar bejaarde vader. En sy het gedink aan die vorige dag.

17 Dit moes op die eerste dag van die week gewees het, nadat hulle die Sabbatdiens gehad het, en die son wat al redelik ver op was en in die Palestynse blou lug opgegaan het. En die soetheid van die blomme soos die son opkom, daardie atmosfeer, daardie geur van die blomme en kamferfoelie, soos die hitte dit afdroog, net 'n paar uur voor dit dit weer uitdroog, ek hou van daardie tyd van die oggend, ek dink dis vars. Ek hou daarvan om uit te gaan in die tuine.

18 Ek dink 'n prediker behoort na die platvorm toe te kom, nie belas met baie swaar laste nie, maar uit die varsheid van die Teenwoordigheid van die Here. Gaan vroeg uit in die oggend nadat al die demone bed toe gegaan het, en die naggeraas omtrent verby is, en dan bedaar dit en word stil, en ruik daardie geur, die soetheid. En ek glo as 'n prediker net voor God sou bly totdat hy in die preekstoel ingekom het, hy sou kom as 'n welriekende geur, gesalf met die Heilige Gees om die boodskap van God te bring aan die hongerhartige mense wat wag.

19 Soos sy op haar pad gegaan het, glo ek, of, ek mag dit vertel as 'n klein dramatjie, dat sy gedink het aan wat die vorige dag gebeur het. Nadat hulle van die kerk af gekom het, wel, dit was gebruiklik dat haar verloofde man, Josef, saam met haar huis toe sou kom daardie dag vir middagete. En terwyl middagete gemaak is, wel, hulle het hulle middagete geëet, en soos gewoonlik, het hulle op die stoep gesit, oor die klein vallei uitgekyk, oorkant aan die ander kant van die heuwel.

20 Josef was 'n skrynwerker, en in die wete dat hy gereed was om met hierdie pragtige, jong Joodse meisie te trou, as 'n skrynwerker, het hy hulle toekomstige huis oorkant op die ander heuwel gebou. So dit, julle weet, ek sou my voorstel dit moes

daardie bietjie spesiale aandag kry, want hy sou sy mooi, jong bruid in hierdie huis inbring, en die deure moes net reg pas.

21 En—en hy het sy tyd geneem om dit te doen, want hy wou nie oorhaastig hiermee wees nie. Hy moet wees . . . Die vensters moet net reg pas, en die deure net reg. Ek sou my voorstel toe hy by die hek ingegaan het, mag 'n groot hartvorm gewees het, sodat toe hy ingegaan het, die hek in die vorm van 'n hart gemaak het, rose reg rondom die huis. En hulle het dit beplan vir 'n geruime tyd, van hulle verlowing af.

22 En hulle sou daar uitgaan op, sê, 'n Sondagmiddag, en gaan sit op die stoep, en kyk net oorkant waar hulle toekomstige tuiste sou wees, en soos gewoonlik sou hulle van die Here praat, omdat hulle albei groot gelowiges in God was.

23 En hierdie Sondag was 'n spesiale een. Soos hulle aandete vinnig afgehandel, en die skottelgoed gewas het, en Josef het alreeds op die stoep gesit toe Maria gearriveer het, en—en dit moes 'n gesprek iets soos hierdie gewees het, soos wat hulle gewoonlik gepraat het oor die manier wat die huis gevorm is, en net hoe dit sou lyk, en die rabbi's sou huis toe kom saam met hulle vir middagete, maar in plaas daarvan, het hulle op die onderwerp beland van die oggend se boodskap wat hulle van die rabbi gehoor het, die noemenswaardige, eerbare een.

En miskien was dit Maria wat gesê het: "Josef, was dit nie 'n treffende boodskap vanmôre wat die rabbi gepreek het, ons geliefde pastoor nie?"

24 "O," moes Josef gesê het: "dit was 'n besondere boodskap! Ek het so daarvan gehou toe hy gepraat het van daardie groot Jehova God, Wat ons volke uit Egipte uitgelei het. Het dit jou nie opgewonde gemaak toe hy die Boekrolle van Eksodus gelees het toe hulle uitgebring is, en hoedat Jehova hulle gelei het deur 'n Vuurkolom nie? En hulle het net geen kompas gehad om te volg nie, maar hulle het gegaan onder die leiding van die Gees. O, Maria, sou dit nie wonderlik wees dat as ons ons hele lewe kon lewe deur daardie Vuurkolom dop te hou en gelei te word soos hulle nie?

25 "En hoedat, toe hulle kos nodig gehad het, Hy die manna uit die Hemel laat reën het, hulle brood gehad het; en toe, toe hulle vleis nodig gehad het, het Hy kwartels van die kus af ingewaai, die grond gevul, en toe hulle water nodig gehad het, het Hy 'n geslaande Rots gehad; toe hulle siek was, het Hy 'n koperslang gehad as 'n versoening vir hulle siekte. En o, hoe wonderlik was dit nie!

26 "Maar," het hy gesê: "Skat, ek glo hy het die hele ding bederf toe hy gesê het: 'Maar, helaas, Jehova doen dit nie meer nie.' Op een of ander manier het ek altyd geglo dat—dat Jehova altyd dieselfde bly, Hy—Hy kan net nie faal nie. En ek glo dat die rede

wat ons het, lewe in die dae wat ons lewe, is omdat ons mense geloof in Jehova verloor het.

27 "Ek glo dat Hy onsterflik is, en Hy nie oud word en vervaag nie, Hy is net, eenvoudig, dieselfde Jehova, en Hy verwag ons nie. . . Ek dink nie dat ek die agbare rabbi sou minag of gering ag nie, maar toe hy vanmôre in sy boodskap gesê het dat Jehova geen wonderwerke meer gedoen het nie, dat die enigste ding wat Hy wou hê ons moes doen, was om kerk toe te kom, en ons tiendes te betaal, 'n lewe lei so goed as wat ons kon, en Hy sou ons huis toe neem na die Heerlikheid, kan ek—ek dit kwalik glo, Maria. Ek—ek glo dat Jehova wil hê ons moet saam met Hom wandel soos hulle het in daardie dag."

En toe moes dit gewees het dat Maria gesê het: "O, Skat, weet jy. . .? Ons behoort eers die Skrifte te lees."

28 Wel, as julle al ooit in 'n Palestynse huis was en sommige van die ou antieke landmerke gesien het, die boeke van die Bybel is gehou in 'n, soos 'n, dit word 'n *boekrol* genoem, opgerol op, soos 'n stok, en hulle het hulle in 'n houer gehou soos 'n snippermandjie, en hulle net in hierdie houer ingesteek. En, soos die Boekrol van Jesaja, die Boekrol van Jeremia, en al daardie profete wat daarin was, en so dit het geen verskil gemaak watter Een hulle gelees het nie, omdat hulle geweet het Dit was alles verordineer deur God, omdat dit hulle profete was.

So Josef het gesê: "Wel, my skat, sou—sal jy ingaan en een van die Boekrolle kry?"

Sy het net lukraak haar hand uitgesteek om die Boekrol te kry en Dit uitgebring, sy het gesê: "Wel, Skat, vandag lyk dit asof ons uit die Boek van Jesaja lees."

29 So hy het die Boekrol oopgemaak, en Josef het begin lees, en sy gedagte. . . sy oë het op hierdie gedeelte geval: "'n Maagd sal swanger word, en sal 'n Seun baar. Hulle sal Sy Naam noem Raadsman, Sterke God, Vredevors, ewige Vader."

30 En toe hy aan die einde gekom het, het die klein, maagdelike dametjie wat daar langsaan gesit het, gesê: "Net 'n oomblik, Josef, Skat. Wat bedoel die profeet met 'n maagd wat swanger word?"

31 Wel, Josef mag dit gesê het: "Skat, dis net 'n bietjie te diep vir my. Ek verstaan dit nie, maar ek glo dit. Dis net wat die Bybel gesê het. Ek weet nie hoe dit ooit sal gebeur nie, maar ons weet dit, Skat, ons weet dat Jesaja Jehova se profeet was, daarom, omdat hy gesalf is met die Heilige Gees van God op hom, kon hy nie verkeerd geprofeteer het nie, want hy was as 'n profeet gebore, en ons weet dat sy Woorde waar is. En toe hy gesê het: ''n Maagd sal swanger word,' was dit nie Jesaja nie, dit was ons Jehova, en Jehova is in staat om enigiets te doen wat Hy sê Hy sal doen."

32 En soos hulle daaroor gepraat het, en verder, hoe Sy Naam genoem sou word Raadsman, Vredevors, Sterke God, ewige Vader, en die heerskappy op Sy skouers sal wees en daar geen einde aan Sy Koninkryk sou wees, ensovoorts nie, het sy gesê: "Dit moet dieselfde Een wees wat die profeet Moses vir ons belowe het: 'Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is,' daarom moet Dit die Messias wees."

33 Josef het gesê: "Ek glo die skrifgeleerdes interpreteer dit so, dat hierdie die Messias sou wees wat sou kom." En soos die aand verbygegaan het, het die aanddiens nadergekom, wel, het hulle weer teruggegaan kerk toe.

34 En dit was die volgende oggend wat sy aangestap het om die water te kry, sy kon die hamer oorkant die pad hoor, waar die saag, waar Josef aan hulle huis gebou het. En soos sy opgestaan, en haar ontbyt geëet, en die kruik onder haar arm gesteek, en begin afgaan het na die publieke put van die stad. Nou, as ons tyd gehad het, sou ek graag 'n rukkie by daardie put wou stilstaan, maar ons het nie die tyd nie.

35 So soos sy aangestap het met haar geboë hoof, gedink het, kon sy dit nie uit haar gedagte kry nie, en sy het gesê: "Daardie opmerking wat Josef teenoor my gemaak het toe ek hom gestop het oor daardie Skrif van Jesaja 9:6, en hoedat hy—hy vir my gesê het: 'Skat, jy weet, ek dink jy, het altyd gedink, jy was die mooiste vrou wat ek ooit gesien het, maar op een of ander manier in die laaste paar minute, was jy mooier as ooit, jou groot, bruin oë skitter, en net toe ons hierdie Skrif genoem het. Het dit jou opgewonde gemaak? Of wat het gebeur?' wel," het sy gewonder: "wat was dit toe hy gesê het, 'n Kind word gebore, 'n Seun word gegee? Wonder wat my laat voel het soos ek het?"

36 En net toe, terwyl die klein maagd geloop het, het sy iets opgelet wat flikker, en sy het rondgekyk en: "Dit moes die son gewees het," het sy gesê: "wat geskyn het teen 'n rots bo-op die woestynheuwel daar, iewers." En soos sy aangegaan het op haar pad, gedink het aan wat gebeur het, en waarvan hulle gepraat het, het sy om die hoek gegaan wat opgaan na die stad se put, waar die dames daar vroeg in die oggend ontmoet en hulle emmers laat sak, of hulle. . .hulle kruike, meer soos 'n kruik of 'n beker.

37 Hulle het 'n lang nek, twee handvatsels, hulle het 'n haak gehad wat hulle daaronder aangehaak het, en 'n slinger, hulle het die kruik laat sak, dit was van klei gemaak, wel, dit het gesink. Hulle sou die water weer opdraai en dit dan bo-op hulle koppe sit, en reguit aanstap terug huis toe, en miskien vyf of ses gelling water gehou, genoeg vir die dag, behalwe as hulle gewas het, en dan, gewoonlik, het hulle na die plekke toe gegaan om te was.

38 Nou, soos sy om die hoek gegaan het, het sy daardie Lig weer sien flikker. En soos sy gekyk het, toe sy deur 'n klein, nou plekkie

moes gaan, waar net een persoon kon deurgaan, daar het Gabriël, die Aartsengel, gestaan. Dit was nie die son, die s-o-n, wat sy sien weerkaats het nie, hy het haar gevolg, en hy het haar ontmoet, na waar hy haar op 'n plek gekry het waar sy na hom sou moes kyk. En sy het gekyk, en hy was heeltemal omring met 'n Liggloed om hom. Dit het die klein maagd bang gemaak, en sonder twyfel het sy haar waterpot gegryp, en het daardie groot oë uitgestaar, gekyk na die Aartsengel.

39 Hy het gesê: "Wees gegroet, Maria," of *stop*: "jy is die begenadigde van God." O, ek hou daarvan. Daardie vroutjie in die wreedste stad wat daar in die wêreld was op daardie tyd, bekend as, die wreedste stad, in elk geval, in Palestina. En daarin het sy so 'n lewe gelei dat God haar gekies het vir 'n sekere werk wat Hy sou doen. Daar het sy in Sy gesig gekyk, en dit het haar laat skrik.

40 Julle weet, dis gewoonlik terwyl ons dink aan daardie dinge. . . Die Bybel het gesê: "As daar enige lof is, as daar enige deug is, dink aan hierdie dinge." Ek dink die rede waarom ons nie meer daarvan sien as wat ons sien nie, ons het ons gedagtes op te veel ander dinge. Ek dink die Engele sou steeds aan ons verskyn as ons net ons gedagtes op hulle hou, maar ons dink aan iets anders, na waarheen ons gaan, 'n sekere program waarna ons moet kyk, of—of sekere inkopies wat ons moet doen. Maar ons Skrifte sê vir ons: "Soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word."

En daar dan, wanneer ons dit sien, dat Hy gesê het: "Jy is die begenadigde van God."

41 En ons let weer op, ek wil nie hierdie Skrif verlaat nie, maar dit was Kléopas en sy vriend op pad na Emmaüs, terwyl hulle daar aangestap het, hartseer, gepraat het van Jesus wat gekruisig en dood was, en die stories wat hulle gehoor het van Hom wat opgestaan het uit die dood, en hulle het dit nie geglo nie. Op die pad soontoe, op pad terug na, miskien, op pad terug werk toe Maandagoggend, op die pad terug, dit was terwyl hulle aan Hom gedink het dat Hy aan hulle verskyn, uit die bosse uitgestap, en met hulle begin praat het, net soos 'n gewone man.

Hy het gesê: "O, waarom is julle so vermoeid? Wat is verkeerd met julle?"

Hulle het gesê: "Is jy net 'n vreemdeling hier?"

42 Glo julle nou, hierdie is soort van netelig, maar mense wat saam met Hom gewandel het, en met Hom gepraat het, en heeldag saam met Hom gewandel het na Sy opstanding, dieselfde Jesus, en Hom nie geken het nie? Hy—Hy sal Homself openbaar aan wie Hy ook al wil openbaar. O, ek bid, vanaand, dat Hy die skille van elkeen van ons oë sal afhaal, en in hierdie gebou sal inkom en Homself openbaar in die krag van Sy opstanding, dat

elke persoon Hom kan sien, die sondaar, as hulle Verlosser; die siekes, as hulle Geneser.

43 En ons let op dat Hy heeldag saam met hulle gewandel het, en toe het Hy gemaak asof Hy êrens anders heen gaan, of verbygaan, en hulle het by Hom aangedring om in te kom. O, ek hou daarvan, by Hom aandring om in te kom: "O, Jesus, U—U—U is hier in die kerk, vanaand, U moet saam met my huis toe gaan! Ek wil U na my huis toe neem. Ek wil nooit hierdie gevoel van U Teenwoordigheid verloor nie. Laat ek U huis toe neem, en inkom en by my bly." Wil nooit daardie gevoel verloor nie. Sou dit nie wonderlik wees nie?

44 Julle weet, ek wil net 'n oomblik hier stop met my boodskap, en sê die wonderlikste dinge wat ek ooit sien gebeur het, is wanneer *Iets* my gesalf het. Ek wens ek kon die heeltyd in daardie plek bly.

45 Julle het in die boek gelees, daardie aand toe die maniak uitgehardloop het op die platvorm daar bo om my dood te maak by. . . Waar was. . .? Portland. Jy was daar, Broer Jack, of was, Broer Brown was daar, toe daardie maniak uitgehardloop het om my dood te maak, en gedreig om dit te doen, yslike groot, reuse kêrel. En in plaas van om die man te haat, het ek hom liefgehad. Hy sou dit nie gedoen het nie, hy was waarskynlik 'n man met 'n familie, dieselfde as wat ek gehad het, en hy sou dit nie gedoen het nie, dit was die duiwel op hom wat dit gedoen het. En toe ek hom liefgehad het, toe was ek nie bang vir hom nie. Liefde dryf die vrees uit, dis wanneer jy kan liefhê.

46 Julle het die storie gehoor van die ou buidelrotma wat na die huis toe gekom het, liefde, dit kos liefde om te oorwin.

47 Die keer wat daardie bul my daar in die veld wou doodmaak, reguit op my afgehardloop het, en dit was nie dat ek hom gehaat het nie. Ek was 'n wildbewaarder, ek het gesoek na 'n geweer, en ek het dit in my motor gelos, en ek was bly ek het, daarna. Hy het nadergehardloop, en ek het gedink: "Wel, as ek moet sterf, kan ek net sowel sterf deur hom te trotseer, ek kan nie van hom af weghardloop nie, daar's niks, om uit die pad uit te kom nie." En net toe het ek gedink: "Wel, as ek moet gaan, wil ek gaan terwyl ek na hom kyk."

48 En toe ek het, het hy reguit na my toe gehardloop, want hy sou my in elk geval vang. En hy het 'n ketting gehad wat aan sy neus gehang het. So pas 'n gekleurde man doodgemaak, paar weke tevore. Ek het vergeet dat hy in daardie veld was, ek sou gaan bid vir 'n siek man. Hy het sy knie gestamp soos *hierdie* en die grond getref, gebrul, en hier het hy gekom. En ek weet nie hoekom nie, maar *iets* het gebeur.

49 Altyd wanneer 'n genesing plaasvind, of enigiets, is daar *iets* wat gebeur. 'n Liefde kom in, daardie, en dit neem net alles

anders uit die pad uit. O, ek sê jou, broer, jy kan al die teologie hê wat jy wil, maar gee my liefde elke keer.

> Vandat ek deur geloof daardie stroom gesien
>   het,
> Wat U vloeiende wonde voorsien het,
> Was verlossingsliefde my tema gewees,
> En sal so wees totdat ek sterf.

50 Liefde! O, as ek net die heeltyd in daardie atmosfeer kon lewe!

51 En soos *dit* my getref het, het ek gesê: "Skepsel van God, ek is die dienskneg van God. Ek is op my pad om vir een van Sy siek kinders te bid. Nou, ek is in jou gebied, ek is in jou veld hier, ek het nie bedoel om jou te steur nie, maar in die Naam van Jesus Christus, gaan terug en gaan lê, ek sal jou nie pla nie."

52 En hy het gelyk asof hy aankom. Hier het hy gekom, net so vinnig as wat hy kon. Ek het net stilgestaan, net so min bang as wat ek nou is. En toe hy omtrent drie voet van my af gekom het, het hy gestop, hy het na my gekyk, hy het so verslae gekyk, een kant toe en toe na die ander, omgedraai, weggestap, gaan lê. Ek het binne twee voet van hom af verbygegaan, reguit verby hom geloop. Liefde oorwin. *Iets* gebeur, *iets* vind plaas.

53 Nou die aand het ek julle vertel van onder in Mexiko toe Broer Jack daar was. Daar het 'n ou Mexikaanse man op die platvorm gekom, hy was totaal blind, en die arme ou kêrel, sy . . . Hulle ekonomie is so swak gebalanseerd en hulle het niks om te eet nie. Hierdie ou kêrel het nie enige skoene aangehad nie, en 'n ou hoed in sy hand, vasgewerk met tou, en 'n ou, verslete jas aan, en 'n broek amper tot by sy knieë, en stof oraloor hulle. Hy het oor die platvorm aangestap gekom met 'n klein rosekrans in sy hand, 'n klein stringetjie krale, en hy het na my toe gekom, iets gesê, iemand het hom gelei. En ek het gestaan en na hom gekyk.

54 Ek sê jou, broer, voor jy nie 'n ander man se toestand kan voel nie, kan jy hom nie help nie. Dis reg. Dis waarom God die wêreld so liefgehad het, Hy het 'n gevoel daarvoor gehad.

55 En ek het na hom gekyk, ek het gedink: "Daar is hy, waarskynlik 'n klomp kindertjies iewers, wat werk vir 'n paar pesos per dag. En nou, na dit alles, miskien 'n ander . . . nog nooit in sy lewe 'n goeie maaltyd gehad nie, en hier in daardie toestand. Nou die natuur was so sleg vir hom, of sy noodlot het hom verblind." En hy was . . .

56 Ek het my voet langs hom gesit, ek het gedink: "Hier staan ek met 'n goeie pak aan en 'n paar skoene, 'n goeie paar skoene, en ek weet nie of hy al ooit in sy lewe 'n paar skoene aangehad het nie." Ek het gedink: "Dis nie reg nie. Ek het 'n paar by die huis, ek het nog 'n pak by die huis, daardie man het net soveel reg op hulle as wat ek het." Ek het my voet langs syne gesit, gedink ek sal vir hom my skoene gee voor ek enigiets sê. Wel, sy voet was

baie groter, en sy—sy skouers, baie breër, kon hom nie my jas gee nie. Ek het gedink: "God, wat kan ek vir hom doen?" As my ou pa sou gelewe het, sou hy omtrent sy ouderdom gewees het.

57 Wat was dit? Meegevoel. Meteens het iets gebeur. Ek het daardie teenwoordigheid van liefde, simpatie vir die ou man, begin voel.

Hy het klein kraletjies uitgepluk, en begin skree: "Gegroet, Maria, moeder van God, seën. . . "

Ek het gesê: "Dis nie nodig nie. Sit dit net weg."

En hy het vir Broer Espinosa gesê: "Waar is die geneser? Ek wil hom kry."

58 En—en ek het gesê: "Sê vir hom om net sy hoof te buig." Ek het my arms om die ou kêrel gesit, ek het begin, ek het gesê: "Here Jesus, hierdie arme, ou man, ek kan hom nie my skoene gee nie, hy kan hulle nie dra nie, ek kan hom nie my jas gee nie, maar, Here God, U is die enigste Een wat hom nou kan help, U kan hom iets gee wat hom sal pas, dis sig, dis waarna hy smag."

59 En net na ek dit gesê het, het ek iemand hoor skree: "Gloria a Dios!" En daar was hy, hy kon sien so goed as wat ek kon, oor die platvorm gehardloop net so vinnig as wat hy kon.

60 En die volgende aand was daar 'n hoop klere, ou serpe, en voorskote, en ou jasse, en lappe, en hoede daar opgestapel, twee of drie keer so ver soos *hierdie* hier, en omtrent *so* hoog. Hoe ek ooit. . . Hoe hulle ooit die regte een gekry het, weet ek nie. Maar wat? Hulle het iets gesien. O, wanneer *iets* gebeur, iets plaasvind!

61 Dis hoe dit was met Maria daardie oggend, iets moes plaasgevind het toe sy aan Hom gedink het, en daar het hy in haar teenwoordigheid verskyn. Dit was dieselfde met Moses soos dit was met Maria. Hy het gesê: "Jy gaan swanger word in jou moederskoot, en 'n kind baar."

62 Nou, sy het geweet die Engel se boodskap was Skriftuurlik. Ek gee nie om watter soort engel dit was wat verskyn het nie, as daardie engel se boodskap nie Skriftuurlik en 'n belofte van God is nie, los dit uit. Daar het allerhande soorte engele verskyn, alles, en hulle bring allerhande soorte boodskappe. As die Engel van die Here, wie se dienskneg ek is, sou kom, as daardie engel sou kom, maak nie saak hoeveel dit na die Vuurkolom gelyk het, hoeveel dit na die Lig gelyk het nie, as sy boodskap nie getuig het van hierdie Woord nie, sou ek hom uitlos en hom 'n vervloeking laat wees, dit moet *Hierin* wees. Joseph Smith, julle weet, het 'n engel gesien, het hy gesê, maar dit het nie ooreengestem met die Woord nie.

63 En Maria het geweet dat, sy het net die vorige dag gelees, Jesaja 9:6, dat iets gereed was om te gebeur. En sy het toe geweet dit was op pad.

64 Moses, ook, toe hy alle hoop opgegee het met sy teologie, en agter in die woestyn was, Jetro se skape opgepas het, en eendag het hy 'n—'n Vuurbal gesien wat in 'n bos daaragter sit, en hy het nadergekom en sy skoene uitgetrek soos hy gevra was, en hy het geluister om te sien wat dit was. Maar toe hy gesien het daardie Engel was Skriftuurlik, gesê het: "Ek het die uitroepe van My volk gehoor en Ek het My verbond onthou," het hy geweet dat God die belofte gemaak het, en dit was . . . dit was die Engel wat saam met hom sou gaan.

65 "Ek onthou My belofte en My verbond. Ek het die lyding van My mense gesien, en Ek het afgekom om hulle te verlos." Moses het geweet dit was nie meer syne nie, want "*Ek* het afgekom om hulle te verlos." O, dis die goeie deel. "*Ek* het afgekom. Wees jy net My mondstuk." So hy het gesien dit was absoluut Skriftuurlik.

66 En Maria het gesien dit was absoluut Skriftuurlik, want die dag voor sy dit gelees het, miskien, in die Boekrol, soos ons dramatjie lui. Ek sê julle, dit betaal nou om God se Woord te lees, daagliks. Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Hulle wat van My getuig."

67 Op 'n ander plek, het Hy gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie," wat veronderstel was om gedoen te word toe Hy gekom het, "moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke doen, al glo julle My nie, glo die werke, want dit is dié wat deur God gestuur is."

68 Ons soek na 'n Hemelse besoeker in hierdie dag; dis 'n belofte van God. Sit vinnig julle diep geestelike denke op, kerk, en onthou, ons soek nou na 'n besoeker, en daar's baie wat daarop aanspraak maak. Maar die enigste manier wat ons hierdie Hemelse besoeker sal ken, want hy sal getuig van die Woord. Dis presies reg.

69 Sy het geweet dat daardie Engel vanaf God was, toe sy Sy optrede gesien het. Na Hom gekyk, dit moes 'n Engel wees. Hy het gesê: "Ek is Gabriël, wat aan die regterhand van God staan." Nou, wanneer God gereedmaak om iets te doen, stuur Hy 'n boodskapper, altyd. Het altyd, Hy sal altyd. Gabriël het die eerste Koms van Christus aangekondig, Gabriël sal die tweede Koms van Christus aankondig. Dis reg. Daar gaan 'n groot ding gebeur.

70 En ons let op hierdie Engel, toe hy gesê het: "Wees gegroet, Maria," en vir haar gesê het wat gaan plaasvind, sy hom nie betwyfel het nie, want sy het geweet hy was ten volle Skriftuurlik, dat dit veronderstel was om so te wees.

71 Nou, ons soek na 'n boodskapper in hierdie laaste dae, want Jesus het gesê dit sou wees: want al die profete het gesê dit sou wees, Maleági het gesê dit sou wees, al die profete het getuig.

Jesus het in die einste skaduwee van die kruis meer van Sy tweede Koms gepraat as wat Hy het van Sy heengaan. En wanneer ons hierdie dinge sien wat begin gebeur, beter ons die Skrif gaan ondersoek, omdat Hy gesê het daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en sou tekens en wonders wys, insoverre dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei indien dit moontlik was.

72 Billy Graham het in 'n boodskap gesê, hier 'n paar weke gelede: "Dit het alreeds die einste Uitverkorenes mislei." Ek verskil van die evangelis, dit kan nie die einste Uitverkorenes mislei nie, want hulle is uitverkies deur God.

73 Jesus het gesê dat in die dae net voor die koms van die Seun van die mens, dit sou wees soos dit in Sodom was. En soos ons dit tevore geneem het, verlede. . .hierdie, in hierdie week, dat daar 'n Engel na Sodom toe gekom het, drie van hulle, vir drie klasse mense. Een van hulle was die Sodomiete, die ander was die louwarm kerk, die ander een was die uitverkore en uitgeroepte Kerk; Abraham en sy groep, Lot en sy groep, en Sodom en hulle groep. Alle. . .

74 Twee van hulle het afgegaan, die evangeliste het afgegaan om vir Sodom te preek, en, om daardie groep mense, van gelowiges, uit te bring daar onder, hy het net 'n paar van hulle uitgebring.

75 Maar ons let op, dat die Een wat agtergebly het by die uitverkore Kerk, Hy het 'n teken gewys. En dit was God wat dit gedoen het, Dit was nie 'n mite nie, Dit was nie 'n teofanie nie, 'n teofanie eet nie. Hy het die vleis van 'n kalf geëet, en 'n bietjie askoek geëet, mieliebrood, en 'n bietjie botter daarop, en die melk van die koei gedrink. 'n Teofanie eet en drink nie, Dit was God gemanifesteer in vlees. Dit was beslis.

76 En wat het Hy gesê? Jesus het gesê: "Soos in daardie dag, so sal dit wees," God sal weer kom, kom in die vlees van Sy mense wat Hy gekoop en geheilig het, en sal aan Sy uitverkore Kerk dieselfde teken wys wat Hy daar vir Sy uitverkore Kerk gewys het.

77 Daar was geen: "Kom daaruit" nie, daar was geen *dit*, *dat* nie, hy was alreeds daarbuite, Abraham was. Maar die ander engele het uitgeroep, daar onder uitgeroep, maar Abraham was alreeds uit. En die Kerk, die einste woord *kerk* beteken "uitgeroep," God se Kerk is alreeds uitgeroep, Dis uitgeroep.

78 En Hy het vir hom 'n teken gegee dat Hy die Een was. En toe Hy het, met Sy rug gedraai, het Hy gesê (Sara was in die tent agter Hom, en het gelag.), met 'n krag, dieselfde ding wat Jesus gemanifesteer het in Sy koms, gemanifesteer het aan beide Samaritaan en aan die Jood, en dit word voorspel dat Hy in hierdie laaste dae weer Sy Boodskapper sou stuur. En daardie Boodskapper vanaand is nie 'n man nie, nee meneer, Dis die Heilige Gees, dis Sy Boodskapper. God in Sy Kerk, wat beweeg, die tekens en wonders wys net voor Sy verskyning.

79 Nou, onthou, hierdie Engel moet 'n Skriftuurlike Engel wees. Behalwe dit, is ons gewaarsku deur God oor valse profete, die Bybel het gesê: "As daar 'n man onder julle is wat dink hy is 'n profeet," of sovoorts, "en wat hy sê, gebeur nie, moet hom dan nie vrees nie, Ek is nie met hom nie. Maar as wat hy sê, gebeur, dan is Ek met daardie profeet, luister na hom." Dis waar.

80 So, ons vind vandag uit dat daardie boodskap 'n ware Bybelboodskap is. Dis terug na die doop van die Heilige Gees, terug na die krag van God, weer terug na Pinkster, wat die harte van die vaders terugbring na die kinders, of, die kinders terug na die vaders, liewer, in hierdie laaste dae. Ons soek na 'n Hemelse Boodskapper, en ek glo Hy is hier vanaand. Amen. Ek glo dat Hy hier is. Wat doen Hy? Hy getuig.

81 Nou luister, vriende, moenie 'n plaasvervanger neem nie, moenie net 'n man se hand skud, en jou naam op die boek sit nie. Dis—dis—dis—dis, wat dit aanbetref, is dit alles reg. Ek mag... Dit mag jou help om uit die kroeg uit te kom, en in 'n ordentlike plek in te kom, en reg te probeer lewe, wat dit egter nie sal doen nie: "Tensy 'n mens wedergebore word, kan hy nie eers die Koninkryk van God sien nie."

82 Nou, *sien* beteken: "om te verstaan." Daar's baie mense wat sê hulle is wedergebore, en nie die Boodskap van God kan verstaan nie, nie die Engel van die Here kan sien nie, hulle oë is verblind, broer, as 'n mens nie gebore word uit die Heilige Gees nie, sal dieselfde Heilige Gees wat die Woord geskryf het, die Woord bevestig, en dieselfde bevestiging van die Heilige Gees in jou. Sien julle wat ek bedoel? Dit sal van Homself getuig.

83 Dan getuig ons gees saam met Sy Gees, want Sy Gees getuig van Sy Woord. "Die Woord van God is skerper, kragtiger," Hebreërs 4: "as enige tweesnydende swaard, wat selfs deurdring tot die skeiding en die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart." Dis, SO SPREEK DIE HERE, die Here se Woord, net presies, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid verskyn in Sy uitverkore Kerk.

84 O, ons het groot herlewings wat oral deur die lande gaan, wat uit Sodom uitroep, ensovoorts, maar in die uitverkore Kerk het ons daardie Persoon, God, dieselfde God wat destyds daar was. Daar's net Een van hulle, en daardie Een was in Sy Kerk wat Homself gemanifesteer het as die herrese Here Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Skriftuurlik!

85 As Hy nie met die Skrif was nie, nie getuig het van die Skrif nie, nie Sy Woord bevestig het nie, dan sou ek Hom nie glo nie, maar omdat Hy dit doen, dan weet ek Hy's van God, net soos Maria het, amen, o, soos Moses het, of enige van die res van hulle.

86 As dit nie Skriftuurlik was nie, nou, destyds in die Ou Testament het hulle meer as een manier gehad om uit te vind.

As 'n man 'n droom gedroom het, of 'n profeet geprofeteer het, weet julle wat hulle daarmee gedoen het? Hulle het hulle afgeneem voor die Urim en Tummim wat aan die paal gehang het. Daar word geglo die Urim en Tummim was daardie twaalf geboortestene in Aäron se geboorte- . . . , of, sy borsplaat, wat die geboortesteen van elkeen in het.

87 Dan het hy dit aan die paal gehang, en as die profeet opgestaan en geprofeteer het, en maak nie saak hoe eg dit geklink het nie, as die bonatuurlike nie teruggeantwoord het, 'n konglomerasie van reënboogligte rondom, en hierdie wat *so* glinster nie, maak nie saak wat die profeet gesê het nie, hy was verkeerd; maak nie saak wat die dromer gedroom het nie, dit was verkeerd. Maar God antwoord altyd terug op 'n bonatuurlike manier. Amen.

88 Nou, en daardie priesterskap het geëindig, en die Urim en Tummim is afgehaal, maar God het 'n ander Urim en Tummim, dit is *Hierdie*. God se Woord is die Urim en Tummim, dis God se Woord. "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne waar wees," het God gesê. "Hemel en aarde sal verbygaan," het Jesus gesê: "maar My Woord sal nooit verbygaan nie."

89 Nou, dan as een praat en dit is nie Skriftuurlik nie, moet dit nie glo nie. As hy praat en dit is Skriftuurlik, wag 'n oomblik, toets dit met die Urim en Tummim, dan as die bonatuurlike antwoord dat dit die waarheid is, glo dit dan. Dis die manier om 'n ware Boodskap te glo. As die Bybel enigiets belowe en die Bybel sê dis so, dit is God se Urim en Tummim, as die prediker preek, prediking, soos die Bybel gesê het, dis God se boodskapper, God se getuie, dan as dit is, dan sal die bonatuurlike van daardie Woord gemanifesteer word en ditself bewys as God. God hou Sy belofte.

90 Ons soek na 'n Boodskapper, daardie Boodskapper is die Heilige Gees. Die Bybel het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie," Jesus het, "tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader." Nou, die woord *meer* daar, in die regte vertaling, ek gebruik dit daar: "en meer," want Dit het *groter* gesê in die Koning James. Wie kan enigiets groter doen? Hy het die dooies opgewek, die natuur gestop, alles gedoen.

91 Maar toe was Hy in een Persoon, alles van God was ingesit in een Man, Jesus Christus, maar in hierdie tyd is Hy oral oor die heelal in Sy Kerk, om meer daarvan, dieselfde werke te doen. "Dieselfde werke wat Ek doen, sal hulle ook doen, meer as hierdie sal Ek doen, want Ek keer terug na die Vuurkolom wat Ek was voor Ek vlees geword en op die aarde gewoon het. Ek het Myself lewendig gewys deur dieselfde werke en dieselfde manifestasies wat Ek gedoen het." Dit is presies reg. Jesus het

gesê, toe Hy hier op aarde was: "Ek kom van God, en Ek gaan terug na God." Is dit reg? Goed.

92 As Hy God was, daar is eendag met Hom gepraat, en hulle het met Hom gepraat oor nog nie vyftig jaar oud te wees nie en Abraham gesien het, het Hy gesê: "Voor Abraham was, IS EK." *EK IS* was daardie Vuurkolom wat in die bos was saam met Moses, wat 'n Skriftuurlike Vuurkolom was. Daardie selfde is die EK IS, nie "Ek was," of "sal wees" nie. "EK IS altyd net dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

93 Ons sien toe EK IS teenwoordig gemaak is onder ons in 'n Liggaam van Sy Eie Seun wat Hy geskep het, Eie Liggaam, Sy vorm van God verander het om 'n mens te word, om ons terug te bring na verlossing en weer terug na die tuin van Eden, Homself gekruis, Sy tente onder ons uitgesprei, en geëet soos ons, en geslaap soos ons, en geloop soos ons en gelyk soos ons, Hy het ons geword, dat ons deur Hom, Hy kan word, mede-erfgename saam met Hom in die Koninkryk.

94 Dan, wanneer ons daardie Vuurkolom vind, toe Dit by Hom was, het Dit tekens en wonders gedoen, en Hy het bely: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke. Want voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, totdat Hy die Vader dit ook sien doen nie. En die Seun doen wat die Vader Hom wys. Hy werk, en Ek werk tot nou toe." Amen. Reg.

95 Hy het gesterf, weer opgestaan op die derde dag. En 'n paar dae daarna was daar 'n klein kritiese, haak-neus Joodjie, met 'n klomp goed in sy sak, wat afgaan om die Kerk te vervolg, almal wat op hierdie Weg was. Uitgegaan na, op sy pad na Damaskus, en hy is neergefel, en toe hy opgekyk het, het hy 'n groot Vuurkolom daar sien hang, wat sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here? Wie is hierdie Vuurkolom?"

"Ek kom van God, Ek gaan na God." Hy het gesê: "Ek is Jesus, en dis moeilik vir jou om teen die prikkels te skop."

96 Die profeet het gesê daar sou 'n vroeë reën en 'n laat reën wees. En in die laat reën sou beide vroeë en laat reën saam wees, 'n groot Kerk, universeel, wat sou beweeg van een kant van die wêreld na die ander kant van die wêreld, 'n groot Boodskap, groot tekens en wonders, sou deur hierdie Kerk gedoen word. Daniël het gesê die mense wat hulle God ken in daardie dag, sal optree. Dis presies waar ons in hierdie dag lewe.

97 Nou, die meganiese oog van die kamera wys oor ons dat daardie Vuurkolom dieselfde Vuurkolom is wat die kinders van Israel gelei het. Nou, Dit moet dieselfde dinge doen wat Dit gedoen het toe Dit in Hom was, of Dit is nie dieselfde Vuurkolom nie. Maar as Dit dieselfde dinge doen, hoe kan julle Dit betwyfel? Dis Skriftuurlik.

98 "Wees gegroet, Maria, geseënd is jy onder die vroue. Jy het genade by God gevind." O, Kerk, gegroet, geseënd is julle onder die mense, want julle het genade by God gevind. Julle het geglo vir Ewige Lewe, en God het julle die doop van die Heilige Gees gegee. Reg. Hierdie Boodskapper sal ware Boodskapper van God wees, die Heilige Gees, wat God se Boodskap is.

99 Let op, Maria, sodra sy gesien het dit was Skriftuurlik, het sy nie gesê: "Ek sal soontoe gaan en kyk of Dr. Jones sê dis reg of nie." Sy het nie verbygegaan om te kyk of Rabbi Kabinski gedink het dit was reg of nie, sy het nooit niks daarmee te doen gehad nie. Weet julle wat sy gesê het? Sy het gesê: "Hier is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens u woord." Want sy het geweet daardie Woord was God se Woord, daardie Boodskapper was God se Boodskapper, daardie Engel was God se Engel, omdat dit by God se Woord gebly het. Amen. "Hier is die diensmaagd van die Here." Gesê: "Hoe sal dit wees?"

Hy het gesê: "Die Heilige Gees sal jou oorskadu, en hierdie Heilige wat uit jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word."

100 Sy het gesê: "Hier is ek, ek weet nie hoe dit gaan gebeur nie, dit maak glad nie saak nie, jy sê dis so, dis Skriftuurlik, ek glo dit, ek aanvaar dit." Sy het net begin om God te prys, voor sy lewe gevoel het, voor sy enige teken van enigiets gevoel het, sy wou nie meer tekens hê nie, sy het Sy Woord gehad en dit was al wat nodig was. Amen. Ek hou daarvan.

101 Moses, sodra hy 'n houvas op God gekry en gesien het dit was Skriftuurlik, hier het hy na Egipte gegaan.

102 Sodra Maria 'n houvas gekry het, die—die Engel 'n houvas op haar gekry het, liewer, en sy hom gesien, en geweet het dit was God, want dit was Skriftuurlik, het sy sy woord aanvaar en rondgegaan en getuig van iets wat nie eens een bewys gehad het dat dit ooit bestaan het nie.

103 Nog 'n ding, sy het getuig van iets wat nog nooit tevore gebeur het nie. O, prys die Here! Sy het getuig van iets wat nog nooit gebeur het nie, nog nooit het 'n maagd ooit swanger geword nie. Maar sy het die Engel se woord gehad, en die Engel was Skriftuurlik, so sy het geweet dit was belowe. En die Engel het die Woord van die Here gehad en dit belowe. En omdat sy haarself as nederig en eenvoudig geag het, tog het God haar gekies, so sy was net bly daaroor.

104 En sy het uitgegaan met haar boodskap, vir almal vertel sy gaan 'n baba hê voor sy selfs die eerste teken van 'n baba gehad het. Sy het nie gewag, en gesê: "Nou wag, laat ek voel, kyk of ek enigsins beter voel of nie." Nee, nee. O, God, gee ons meer Maria's!

105 Beaumont en die res van die wêreld het Maria's soos daardie nodig, wat God op Sy Woord kan neem en begin juig voor

enigiets gebeur. Wat van julle vroue in rolstoele, en julle broers en susters hier met hartprobleme, en siekte, en alles, wanneer die Teenwoordigheid van die Here so naby is? Goeiste, goeiste! Julle weet dis die Woord van die Here, die Here het dit belowe.

106 Jy sê: "Broer Branham, as jy sal afkom en hande op my lê!" Dis nie dit nie, jy's alreeds genees omdat "Ter wille van julle oortredinge is Hy deurboor is, ter wille van julle ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir julle die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom." Dis alreeds 'n verlede tyd.

107 Ontvang dit net en begin juig. "Dank U, Here, ek sien dit nou. Prys God, ek's genees, ek gee nie om wat enigiemand anders sê of hoe ek voel nie, ek's in elk geval genees." Dis reg.

108 Die Engel se Boodskap, dit was altyd so, dis hoe God dit wil hê. Wat het dit gedoen? Die verandering. . . Deur God op Sy Woord te neem, het die hele natuurlike gang van die lewe vir haar verander. Dit sal dieselfde ding vir jou doen, dit sal beslis. Dit sal jou neem, sondaar, en jou so wit soos sneeu was. Dit sal jou neem, kritikus, en jou een van ons maak, dit sal beslis. Dit sal jou neem wat siek is en jou gesond maak. Dit sal jou neem wat op jou pad na die hel is en jou omdraai, jou op die pad na die Hemel sit. Neem Hom net op Sy Woord, en glo dit, en begin juig.

109 Die Boodskapper van die Here is hier, die Heilige Gees, wat rondbeweeg oor die mense, hulle salf. As jy 'n vreemdeling is, jy wil weet wat fout is met daardie mense, dis wat dit is. Joël het dit belowe. Op die Dag van Pinkster het Petrus gesê: "*Hierdie* is *Daardie*." Ek wil iets daarby voeg: As *Hierdie* nie *Daardie* is nie, wil ek *Hierdie* hou tot *Daardie* kom, want ek het 'n baie lekker tyd *Hiermee*. En ek glo *Hierdie* is *Daardie*, dieselfde *Daardie* wat *Daardie* was op daardie Dag. O, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

110 Maria het nie gewag nie, sy het nie omgegee vir kritici nie, sy het nie omgegee wat enigiemand gesê het nie, sy het 'n Engel ontmoet. Sy het Sy Stem gesien, of, Sy Teenwoordigheid gesien, en sy het geweet dat hy haar die waarheid vertel het, want dit was Skriftuurlik, die seëning vir haar belowe, gaan net voort, glo dit, en sy het geweet dit gaan gebeur. O, sy. . . Daar's iets daaromtrent, wanneer jy so-iets tref, dat jy nie kan stilbly daaroor nie.

111 Die Engel het vir haar gesê dat haar niggie Elisabet, wat bo in die heuwelland van Judéa was, oud was, omtrent sewentig jaar oud, en sy het swanger geword en sou 'n seun hê. Dit was alreeds ses maande ver met haar as 'n moeder. Natuurlik, die babatjie, klein Johannes, het nog geen lewe gehad nie, hulle was soort van bekommerd daaroor.

112 So ons vind uit dat Elisabet, Sagaría haar man was, wat 'n —'n priester was, hy by die tempel was omtrent ses maande voor

dit gebeur het. Julle weet, God bring dinge bymekaar onder die nederige mense.

113 Kyk na Sagaría, nou, die Engel, Gabriël, het na hom toe gekom, hy was in die tempel besig om te bedien, en toe hy het, die brand van wierook was sy werk, langs die altaar gestaan, en hy het toevallig na die regterkant toe gekyk, die *regterkant* van die altaar (Ek reken julle wonder altyd hoekom ek die mense na *hierdie* kant toe bring, dis waar Hy staan.), so, aan die regterkant van die altaar, en daar het 'n Engel gestaan, en vir hom gesê dat na die dae van sy bediening daar, hy sou huis toe gaan en by sy vrou ingaan, en sy sou swanger word en 'n seun baar, 'n kind.

114 En daardie prediker het daardie Woord betwyfel. Wel, hy het baiekeer, as hy die vader van die kind sou wees, kyk na Sara, hy het 'n paar voorbeelde in die Bybel gehad, kyk na Hanna by die tempel, baie voorbeelde soos daardie, en steeds het hy getwyfel.

115 Watter verskil was dit van daardie verharde leraar van filosofie, watter verskil was daar in daardie kweekskoolprediker, teenoor wat daar in daardie klein maagd was! Sy het nooit bevraagteken nie, sy het gesê: "Hier is die diensmaagd van die Here." Dis al. Sy het hom op sy woord geneem, en dit het dit afgehandel, maar hierdie man kon dit nie glo nie.

116 Hy het gesê: "Ek is Gabriël wat in die Teenwoordigheid van God staan, my woord sal vervul word!" Hmm! Hy het geweet waarvan hy praat. Hy het gesê: "Omdat jy my betwyfel het, sal jy stom wees tot die dag wat die baba gebore word." Hy het huis toe gegaan, sy vrou het swanger geword en haarself weggesteek, ses maande.

117 Maria het gedink: "O, is dit nie wonderlik nie? Nou gaan ek 'n baba kry, en daar's Elisabet, my niggie," Jesus en Johannes was kleinneefs, "daar, ek sê jou, dit gaan wonderlik wees, want dat sy 'n baba gaan kry, en ek 'n baba gaan kry. Ek kan dit net nie langer hou nie, ek gaan reguit soontoe om haar te vertel." Reg tot by die berg het sy gegaan, so vinnig as wat sy kon gaan. Ek kan net haar mooi, ou gesiggie sien blink, sy was net omtrent agtien jaar oud, veronderstel ek, en haar swart hare wat terugwaai soos *daardie*. En sy was op haar pad, hierdie kleedjie om haar gedraai.

118 En julle weet, Elisabet het haarself weggesteek. Ek hou soort van daarvan. Ek dink dit lyk so skandelik om vroue daarbuite te sien soos hier met hierdie kortbroeke, en goed aan, wanneer hulle moeders gaan word, dit lyk vreeslik. Wat 'n verskil! Dis verskriklik. Ek weet dis . . . jy behoort nie . . . Ek behoort nie . . . behoort dit miskien nie te sê nie, as ek julle aanstoot gee, vergewe my, maar julle sou na julle dokter luister, ek's julle broer, sien.

119 So daar was die vrou in daardie toestand, maar sy het haarself weggesteek. Ek kan my voorstel dat sy daaragter sit, julle weet, soort van 'n bietjie gereedmaak, met die, 'n bietjie brei, wat is dit? Kousies, julle weet, hulle alles gereedmaak soos

daardie, en ’n kombersietjie brei. Maar sy was bang, want sy het gesê: “Nou, ek’s oud en . . . ”

120 Let op, die Engel van die Here . . . Hulle was regverdig, het die Bybel gesê, sy en Sagaría, hulle was regverdig, het al die gebooie van God onderhou. Dis waar Engele verskyn, verskyn altyd in ’n regverdige familie, iewers waar God iets kan gebruik, iets om mee te werk.

121 En toe, het sy hierdie kousies gemaak. En ek stel my voor daar was ’n klein venstertjie, soos dit partymaal in Palestina is, nee, was nie ’n lig daarin nie, maar net ’n klein gordyntjie wat afhang, en sy het iets gehoor, sy het opgestaan en sy het sien naderkom, en sy het gesê: “Jy weet, ek dink dit lyk soos my niggie, Maria. Kyk hoe haar gesiggie blink. Wel, sy het grootgeword! Ek hoor sy gaan trou.” So dit moes gewees het dat . . . “Wel, sy’s ’n jong vrou, maar dis Maria.” So sy trek haar kleed aan, julle weet, en hardloop uit haar tegemoet.

122 En vroue in daardie dae was nie soos hulle nou is nie, julle weet, hulle, ek—ek . . . hulle het gehardloop en hulle arms om mekaar gegooi en mekaar omhels. Julle weet, ek hou van vriendelikheid, en julle? Ek—ek haat dit net om hierdie ou, lawwe goed in hierdie 1960 weergawe van vriendelikheid te sien. O, goeiste, daar’s nie genoeg daarvan nie. Nou, julle wat suiderlinge is hier onder, let dit nie so erg op nie, maar daarbo, o, goeiste!

123 Ek het na my oom toe gegaan hier nie lank gelede nie in New York, hy het twintig jaar in een huis gewoon, en sy buurman so naby soos daardie Texas vlag *daar*, aan hom, en ek het gesê: “Wie woon daar?”

Gesê: “Ek weet nie.”

Ek het gesê: “Jy het afvallig geraak.” Ek het gesê, wel ek het gesê, ek het gesê: “So hoe lank woon hy al daar?”

Gesê: “Hy was daar toe ek hiernatoe gekom het.” Jy weet nie jou buurman is dood voor jy dit in die koerant gelees het nie. Dis reg. Geen vriendelikheid nie.

124 Hier nie lank gelede nie, het ek en Broer Moore, Broer Brown afgegaan om ’n seuntjie met die naam van David te sien, ’n paar jaar gelede hieronder in Kali- . . . , of, Florida, hulle het ons daarnatoe laat kom. En—en Broer Hoekstra, dink ek was dit, het vir my gesê, gesê: “Die Hertogin wil jou sien.”

En ek het gesê: “Die *wie*?”

Gesê: “Die Hertogin.”

Ek het gesê: “Wat is dit?”

En gesê: “Dis die vrou wat al hierdie eiendom besit.” Gesê: “Sy’s ryk.”

“Wel,” het ek gesê: “ek kan haar nie sien nie, daar is te veel siek mense.”

Gesê: "Maar sy's die Hertogin!"

Ek het gesê: "Dit maak haar nie enigiets anders as enigiemand anders nie."

125 So hy het gesê. . .Wel, hulle het haar daar gehad toe ek uitgegaan het. En toe ek uitgegaan het. . .Ek's nie, nou, God vergewe my om. . .as ek. . .julle dink ek spot met die vrou, ek doen dit nie, maar sy het genoeg juwele aan haar hande gehad om 'n sendeling tien keer om die wêreld te stuur, met die Evangelie. Soos 'n. . .Daarbuite gestaan, en sy het 'n bril opgehad, sy het dit nie opgehad nie, maar sy het dit op 'n stokkie gehad en dit uitgehou soos *hierdie*, yslike groot ou, vet dame, en sy het uitgekom.

Ek het by die tent uitgestap, en ek het gesê: "Wel, ek het nie tyd om haar te sien nie. As ek enige tyd oor het, laat my daardie siek mense daarbuite sien," sien.

En gesê: "Maar sy laat jou die terrein kry."

126 Ek het gesê: "Wel, dis alles reg, as jy David die terrein laat kry het, waardeer ons dit. Maar sy's reg, niks verkeerd met haar nie, laat my hierdie mense hier onder sien."

Wel, hulle wou hê ek moet haar sien, so toe ek uitgegaan het, het sy gesê: "Is u *Dr.* Branham?"

Ek het gesê: "Nee, mevrou." Ek het gesê: "Ek is Broer Branham."

127 Sy het gesê. . .Nou, julle weet niemand kan deur 'n bril kyk wat *so* ver van jou af is nie. En sy het *so* gekyk, sy het gesê: "Wel, *Dr.* Branham," sy sê: "Ek is *verheug*."

128 Ek het my hand uitgesteek, en na daardie hand gekyk, haar hand uitgesteek om hand te skud, wel, ek het gedink ek sou 'n heer wees, ek het haar groot hand beetgekry en dit afgetrek, ek het gesê: "Kry dit hier onder sodat ek jou sal ken volgende keer wat ek jou sien," soos daardie. O, ek—ek hou van iets wat gevoel het!

129 Paul Rader, die man wat hierdie lied geskryf het wat ek hier sing, *Glo Net*, het een oggend gesê hy en sy vrou het 'n klein familie-affêretjie gehad, bietjie met mekaar baklei, gesê voor jy jou kom kry, hy het die koerant gelees, en sy het iets gesê: "Paul, sal jy vir my 'n bietjie geld gee?"

130 Gesê: "Ek het nie geld nie." En het so 'n bietjie aangegaan, en gesê naderhand, hy het nooit opgelet nie, en haar gevoelens seergemaak, sy het soort van daar gesit, en gesê: "Wel, as dit is hoe maklik haar gevoelens seermaak word, laat haar daar sit." Julle weet hoe ons maak, broers, partymaal, reken ek.

131 En so, toe het hy gesê, hy. . .sy sou altyd by die deur staan en hom soen wanneer hy uitgaan, dan sou hy na die hek toe gaan, dan wanneer hy sou omdraai, sou hy totsiens waai, en sy

sou totsiens waai. Gesê hy het opgestaan, sy hoed gekry, en gesê: "Laat sy net daaroor kom." Gesê hy het na die deur toe gegaan, en gesê, haar lippe uitgesteek, haar gesoen, uitgegaan na die punt van die hek, omgedraai en omgekyk, gesê sy het by die deur gestaan, gesê hy het gewaai, en sy het gewaai.

132 Gesê hy het begin afgaan in die straat en gesê *Iets* het met hom begin praat: "Jy het verkeerd opgetree, Paul." Arme ou Paul is in die Hemel vanaand. Maar gesê: "Jy het verkeerd opgetree, Paul. Wat as iets vandag met haar sou gebeur?" Gesê hy het daaraan begin dink. "O, goeiste, wat as iets sou gebeur? Jy sou haar nooit weer op aarde sien nie." O, goeiste!

133 Gesê hy het erger geword, erger, toe het hy gesê: "Here, vergewe my, ek sal teruggaan en dit regmaak." Gesê hy het baie vinnig teruggehardloop, die hek oopgemaak, die deur oopgestoot, oral rondgekyk, hy kon iets hoor: "*snuif*, *snuif*," maak. En gesê sy het agter die deur gestaan en huil.

134 Gesê hy het sy arms uitgesteek, hy het nooit 'n woord gesê nie, "*soen*" gemaak, haar weer gesoen, weer uitgehardloop na die punt van die hek, en omgedraai, gewaai, gesê sy het gewaai, net soos sy die eerste keer het, maar gesê, die tweede keer het 'n gevoel daarin gehad. So, ek dink dis hoe dit vandag is, ons wil 'n. . . Ek wil 'n gevoel daarin hê, iets wat werklik vir my is.

Ek was, nie lank gelede nie, was ek en my vrou onder in die dorp, daar was 'n dame wat gesê het: "Hoe gaan dit, Suster Branham?"

En ek het omgekyk na haar, en ek het gesê: "Haai, haai! Daardie dame het met jou gepraat, Skat."

Gesê: "Ek het met haar gepraat."

Ek het gesê: "Wel, ek weet sy het jou nie gehoor nie, ek het nie, ek sit net hier langs jou."

"O," het sy gesê: "ek het vir haar geglimlag."

"O," het ek gesê. . . [Leë kol op band—Red.]

135 Sy het gesê: "Jy weet, Maria, ek gaan ma word."

"O, ja, ja," het Maria gesê, haar ogies wat vonkel, julle weet, en half vol trane van vreugde, "ja, ja, ek weet alles daarvan."

"Weet jy alles daarvan?"

"Ja, ja, ek weet alles daarvan."

136 "Wel, maar Maria, ek's bekommerd, ek's nou al ses maande verwagtend, en die baba het nog nooit beweeg nie." Nou jy weet, dis baie—dis baie onnatuurlik. Omtrent drie maande is omtrent reg, maar hierdie is ses maande, en klein Johannes het nog nooit beweeg nie. So, sy het gesê: "Ek is net 'n bietjie bekommerd daaroor en alles."

Sy het gesê: "Ja, ek—ek verstaan dit." En gesê: "Jy weet, ek gaan ook 'n Baba hê."

"O, ek sien, jy en Joseph is alreeds getroud?"

"Nee, ons is nie getroud nie."

"Wat, Maria? Jy's nie getroud nie, en gaan 'n Baba hê?"

"Ja, dis reg."

"O, Skat, wat bedoel jy?"

137 "Wel, net soos ek geweet het dat jy die baba sou hê, die Engel Gabriël het my ontmoet, en hy het my vertel van jou geval, en hy het gesê die Heilige Gees sou my oorskadu, en Dit het dit alreeds gedoen. En die Babatjie wat ek sal kry, sal die Seun van God wees." En gesê: "Sy het selfs vir my gesê. . .Hy het vir my gesê wat om Dit te noem." Gesê: "Ek sal Sy Naam Jesus noem."

138 En ek kan Elisabet se gesig sien ophelder, het gesê: "Waarvandaan kom die moeder van my Here? Want sodra jou groet in my ore geklink het, het my baba in die skoot opgespring van vreugde."

139 Ek wil julle iets vra, vriende: As die eerste keer wat die Naam van Jesus Christus ooit deur sterflike lippe gespreek is, 'n dooie baba in die skoot van 'n moeder lewendig gemaak het, wat behoort Dit te doen aan 'n wedergebore gemeente van God, wat sê om gevul te wees met die Heilige Gees? Halleluja! Amen! Dit behoort die kanker te genees, die blinde oë oop te maak, die gewondes vry te maak, te vul met die Heilige Gees, allerhande dinge te doen, daardie kosbare Naam van die Here Jesus, die sondaar laat ween oor sy sondes. O, goeiste!

140 Die hele skare lyk vir my asof dit om en om swem. O, wat God net nou kon doen! Die Boodskapper van die Heilige Gees van God is in die gebou vandag, die Boodskapper, die Heilige Gees, wat vrede bring, Jesus Christus reflekteer. Die groot Vuurkolom hang oor ons.

Jy sê: "Ek sien Dit nie."

141 Jy kan Dit voel, so jou een—een sintuig van die liggaam is net so goed soos die ander een. So, jou sig kan jou meer mislei as jou gevoel. So as dit dan nie dieselfde werk doen nie, dan is dit nie dieselfde Heilige Gees nie; maar as Dit dieselfde werk doen, dan is Dit die Heilige Gees, dieselfde Een. Amen. Glo julle dit?

142 Hoeveel. . .? Is daar sondaars? Hoeveel hierbinne wil graag sê: "Ek wil graag hierdie seëninge geniet, sit in hierdie Shekinah Heerlikheid saam met julle mense en die seëninge van God geniet"? Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Onthou my, Broer Branham, terwyl jy bid." God seën jou, Broer. God seën jou, Broer. God seën jou. God seën jou. God seën jou, Broer, jou, daar oorkant, en jou en jou. Dis reg. Nog een steek jou hand op, sê: "Broer Branham, bid vir my." God seën jou, jongman. Dis baie goed.

143 Vanmôre toe ek ingegaan het na die ontbyt, het ’n liewe, klein seuntjie sy arms om my nek kom sit. Sy vader is een van die pastore hier van die Gemeentes van God, ek dink hy is op die platvorm, hy was vanmôre. En die seuntjie is uitgeroep in die dienste iewers, en het skeel oë gehad, en sy ogies so reguit as wat myne is, dit was jare gelede.

144 En nog ’n broertjie het gekom en my hand geskud, het gesê sy dogtertjie het ’n yslike groot vergrote skildklier op haar keel gehad toe ek onder by Jack Moore se kerk was, en gesê die Heilige Gees het rondbeweeg, en haar daar uitgeroep in die gehoor, en vir haar gesê dat die vergrote skildklier net verdwyn en weggeraak en weggegaan het; daar was sy. O, goeiste!

145 Wat is dit? Wat is daardie Vuurkolom? Dis die Engel van die Here. Wat is die Engel van die Here? Dieselfde Een wat in die brandende bos was, dieselfde Een wat in Jesus Christus was, dieselfde Een wat in julle is vanaand. Amen. Dieselfde Een hier, dieselfde groot Here Jesus.

146 Sal daar nog een wees, voor ons bid, wat graag julle hande wil opsteek, en sê: “Onthou my, Broer Branham, onthou my”? God seën jou, meneer. God seën jou, en die seuntjie ver agter, en daar ver aan die buitekant, baie ver agter. Ja. Waar jy ook al is, God weet.

147 Nou, laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig. En nou, Suster, sal jy vir my hierdie speel: *Die Groot Geneesheer Is Nou Naby*? Net ’n akkoord daarvan, as jy sal, asseblief, Suster.

148 Ek onthou naby Fort Wayne, of, was in Fort Wayne, Indiana, ek is nou een-en-dertig jaar opdie preekstoel, dit was omtrent agt-en-twintig jaar gelede, ek het vir ’n seuntjie gebid, en daardie musiek het gespeel. Die seuntjie is genees, het uit my arms gespring, ’n verlamde, afgehardloop, in die arms van sy moeder ingespring.

149 En toe hy het, het ’n klein Dunkardmeisie die—die klavier gespeel, en sy het opgestaan, daardie hare het oor haar skoot geval, soos *daardie*, sy het begin sing in die Gees, en die orr- . . . , of, die klavier wat sy gespeel het, daardie ivoorklawers wat net aanhou beweeg het, “Die groot Geneesheer is nou naby, die simpatieke Jesus,” honderde mense wat daarna staan en kyk het.

150 Niks minder was dit voorverlede Sondag in my Tabernakel, waar drie tot vierhonderd mense daar gestaan het, en hierdie Vuurkolom die tweede keer sigbaar verskyn het in Jeffersonville nie. Die eerste keer toe hulle Dit afgeneem het op die rivier. En daar het Hy vir vyftien minute gestaan, almal Hom laat sien en na Hom laat kyk. Broer, ons is aan die einde van die pad.

151 Ons Hemelse Vader, ons kom nou, Here, na U toe soos na ’n lewende Klip. Ons kom, Here, omdat ons glo dat U is, en ’n Beloner van diegene wat ywerig na U soek. Ons bid vir U seëninge, ons bid dat U hierdie gehoor sal help vanaand. En

diegene wat hulle hande opgesteek het, mag hulle 'n deelgenoot wees van hierdie groot Heilige Gees, die Boodskapper van die laaste dag.

152 "Ek sal My Gees uitstort op alle vlees." U het dit belowe. In die laaste dae het U gesê daar sou 'n vroeë en laat reën saam wees, dit is, aan die een kant van die aarde en aan die ander kant van die aarde, albei kante, sou 'n reën kom, in die vreemde velde, in hierdie velde sou 'n reën kom. So, ons glo dat daardie uur hier is. Ons sien die Heilige Gees wat dieselfde dinge manifesteer soos Hy het toe Hy tevore hier was.

153 Seën hierdie dierbare mense, Vader, bid ek, wees U hulle naby, gee hulle die Ewige Lewe. Skenk dit, Here. Ek vertrou hulle nou toe aan U, in die Naam van die Here Jesus.

Met ons hoofde gebuig, laat ons net 'n bietjie bid.

> . . . Die geneesheer is nou naby,
> die simpatieke Jesus;
> Hy spreek die hartseer hart vol blydskap,

154 O, blaas oor ons, Heilige Gees. Kom in U kerk in, Here Jesus, die groot Môrester, die Vuurkolom, brand U weg deur elke ongeloof in die harte van die mense, vanaand. Mag hulle soos Maria wees, dat hulle U Teenwoordigheid kan sien en weet dis U, dan geld U beloftes nog altyd, elke belofte. U het belowe om dit te doen. U belofte was dat U hulle alreeds genees het, want—want U is deurboor vir hulle oortredinge, en deur die wonde het daar vir julle genesing gekom. Skenk dit, Vader, aan hierdie afwagtende gehoor. Ons wag nou op U. Beweeg, in Christus' Naam, bid ek.

155 Hou net dop vir 'n paar oomblikke, kyk wat sal gebeur. O, hoe soet! Laat ons nou ons koppe baie stadig oplig. Ek het gewag vir julle om stil te word. Hoeveel mense hierbinne wat siek is, en nie 'n gebedskaartjie het nie, steek julle hande op, wil hê God moet julle genees. 'n Bevestiging is drie, glo ek. Is dit reg, in die Bybel? As ek die waarheid vertel het, die waarheid gepreek het, dan is God verplig om daardie waarheid te ondersteun, as dit Sy waarheid is.

156 Nou, ons het 'n klomp gebedskaartjies hierbinne, ons roep hulle nie, ek wil net hê julle moet weet dat dit nie gebedskaartjies verg nie. Vra die predikers of dit so is, vra die broers wat oral saam met my gaan.

157 Ons sal in die pad afry, ek sal sê: "Wag! Op 'n ander hoek gaan daar 'n *sekere* ding wees, 'n man gaan daar staan, hy het 'n *sekere* ding, hy wil hê ek moet na 'n *sekere* plek toe gaan na 'n *sekere* ding. Ons gaan *hiernatoe*, *hierdie* gaan gebeur." Sekerlik, nooit verkeerd nie. Kan net nie verkeerd wees nie, dis God. Nou, wat doen dit? Bevestig dat Hy dieselfde is. Nou Dit is nie ek nie, Dis Hy.

158 Ek sien nie 'n persoon voor my wat ek ken nie, behalwe as dit hierdie twee dogtertjies is, sê, ek dink hierdie is Broer Evans se twee dogters. Is dit nie reg nie? Net hier. Dis die enigstes wat ek ken. Ek het net gekyk om te sien of ek enigiemand kon sien wat ek regtig ken. Maar ek, die enigstes wat ek sien wat ek ken, ek het Broer Evans 'n rukkie gelede iewers gesien, maar ek het hom verloor.

159 O, ja, hier's Broer Dauch, wat net hier sit, van Ohio, Broer Bill Dauch, 'n vriend van my, wat net hier sit, en Suster Dauch. Daar's Suster Evans, nou het ek haar, reg agter, goed, net daarbinne, Broer Evans, of, Suster Evans. Waar is Broer Welch? Sit daaragter. Goed. Sodat hulle sal weet wie julle almal is, steek julle hand op.

Enigiemand hierbinne wat my ken, en weet dat ek julle ken, steek julle hande op, weet dat ek—dat ek julle ken. Goed. Goed, sien.

160 Nou julle wat weet dat ek julle nie ken nie, en julle is siek, steek op julle hand, steek op julle hand. Kyk net en sien waar dit is, sien. Omtrent oral. Goed.

161 As die...As Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, die Bybel het gesê dat in die begin die Woord was en die Woord God was. Is dit reg? En die Woord het vlees geword. Dis toe God se Woord wat Hy gespreek het, vlees geword het.

162 Weet julle die einste grond waarop julle sit, is die manifestasie van die Woord van God? Dis God se Woord wat gemanifesteer is. As dit nie is nie, waar het dit vandaan gekom? Hy het die wêreld gemaak uit dinge wat nie sigbaar is nie. Sien? Hy het die aarde toeberei, net die Woord gespreek, en gesê: "Laat daar wees," en daar was, Hy's 'n Skepper. Goed. So die stoel waarop jy sit, is die Woord van God, die grond waarop die vloer rus, is Woord van God, al hierdie dinge is uit die stof van die aarde, die Woord van God, en jy, self, is die Woord van God. Dis reg. Waarom kan daardie hartjie dan nie al die twyfel uit hierdie ding hier begin uitskuif nie. Laat dit wees.

163 Nou, en die Woord van God is skerper as enige tweesnydende swaard, wat deurdring tot die murg van die been, en die skeiding en van die murg van die been, en die Woord van God, wat Jesus is, is 'n Onderskeier van die gedagtes in die hart en verstand. Dit reg?

164 Nou, toe die Woord hier was, en vlees geword het, en onder ons gewoon het in die vorm van die Seun van God, Jesus Christus, het 'n vroutjie, deur geloof, Sy kleed eendag aangeraak, Hy het dit nie fisies gevoel nie, maar Hy het omgedraai, gekyk, gesê: "Wie het My aangeraak? Wie het My aangeraak?"

Selfs Petrus het Hom bestraf, gesê: "Here, almal raak U aan."

165 Hy het gesê: “Ja, maar Ek—Ek—Ek het gevoel, Ek, krag het van My uitgegaan, Ek het swak geword, My krag het My verlaat.” En Hy het gesê, oral rondgekyk oor die gehoor, en Hy het die vroutjie gevind, vir haar gesê, haar bloedvloeiing wat sy gehad het, haar geloof het haar gered. Is dit reg? Sy is genees. Hy het nooit gesê: “Ek het dit gedoen nie.” Sy het dit self gedoen. Sien? Gesê: “Jou geloof het gered . . . ”

166 Nou, die Bybel het gesê Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; en die Boek van Hebreërs sê dat: “Hy’s die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.” En as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, as jy daardie selfde Hoëpriester aanraak, sal dieselfde Hoëpriester op dieselfde manier optree. Die manier wat Hy die eerste keer opgetree het, moet Hy die tweede keer optree, as Hy nie het nie, het Hy verkeerd opgetree toe Hy dit die eerste keer gedoen het.

167 As Hy Homself bekendgemaak het as Messias aan die Jode en die Samaritane deur die gedagtes in hulle verstand waar te neem, en hulle vertel wie hulle was, of wat hulle was, ensovoorts soos daardie, en iets wat hulle gedoen het (Hoeveel weet dis die waarheid, dat—dis die Bybelse waarheid, dis hoe Hy Homself gemaak het . . .?), wel, as dit die manier is wat Hy dit bekendgemaak het aan die Jode en aan die Samaritane, moet Hy dit bekend maak aan die Heidene, of Hy het dit verkeerd aan hulle bekendgemaak. Sien wat ek bedoel?

168 Nou, almal wat dit glo, steek julle hand op, sê: “Ek glo dat Hy dit belowe het, en ek glo.” Dankie. Dit het dit gedoen. Sien, onthou wat die Engel gesê het: “As jy die mense kan kry om jou te glo”? Sien? Nie te glo ek is Hy nie, maar te glo dat Hy my na julle toe gestuur het. Nou, bid julle en raak die Hoëpriester aan. En as Hy my van hierdie platvorm af sal wegdraai, en met jou sal praat, laat jy . . . jy die beoordelaar wees of dit reg is of nie. Jy moet die beoordelaar wees of dit reg is of nie.

169 Jy sê net, nou, kyk weg van my as ’n man, en sê: “Here Jesus, ek’s behoeftig.” En moenie jou pad probeer indruk nie, dan kom jy nêrens nie, ontspan net jouself, sê: “Ek glo dit, Here, daar’s geen twyfel in my gemoed nie. Die man ken my nie, en ek’s ver van hom af, ek’s hierbuite in die gehoor,” ver agter aan die agterkant, of staan om die arena, of iewers soos daardie. “Nou, ek weet ek glo U. As U my U net sal laat aanraak, hom na my laat draai, sal ek weet dat dit nie Broer Branham is nie, want hy ken my nie, en hy weet ook nie wat, wie ek is, of wat ek gedaan is, of, wat ek gedoen het, of wat ek sal doen nie, maar U weet dit, so as U hom net sal laat omdraai, weet ek dis U. Ek sal dan sy Boodskap glo, want U het hom onder beheer,” sien: “dis U wat deur hom spreek.” Sien?

170 Sou julle dit glo? Hoeveel sou glo as hulle dit met hulle eie oë gedoen kon sien word? Laat ons sien. Nie agter in een of

ander donker kamer nie, net hier voor die publiek, soos ons Here gestaan het. Het nie . . . Dis niks in die geheim nie, dis net hier buite, dis net vir die gelowiges. Nou, bid julle net.

171 Ek mag verkeerd gewees het, ek het gedink Dit was iewers net hier, maar Dit moes nie gewees het nie. Ek hou Dit dop, Dis net 'n Lig. Het hierdie kant hulle hande opgesteek dat hulle ook siek was, en my nie geken het nie? Nou, Hy's net hier. Julle wat daardie foto's sien, en dinge, dink net, daardie meganiese oog van die foto het Dit gesien voor baie mense Dit ooit gesien het, die foto geneem het. As ek vanaand sterf, as hierdie my laaste dag op aarde is, is my getuienis waar. Die meganiese oog van die kamera het dit sewe of agt keer in verskillende nasies bewys. Dis waar, die Kerk weet dit regoor die wêreld.

172 Ek het die waarheid vertel, ek, omdat ek van Hom praat. Dis waarom ek nie bang is dat Hy sal terugspreek dat ek die waarheid vertel het nie, want ek getuig nie van myself nie, ek getuig van Hom. Nou wees baie eerbiedig, en glo.

Sê: "Waarvoor wag jy, Broer Branham?"

Ek wag vir Hom. As Hy my nie sê nie, kan ek dit nie doen nie, dis al. Kos jou geloof om iets te doen. Of miskien is Hy nie tevrede met ons wat dit doen nie.

173 Hoeveel het dan gebedskaartjies? As jy . . . ? Het enigiemand gebedskaartjies? Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, omtrent agt gebedskaartjies oor, nege. Ons sal hulle oproep as Hy dit nie doen nie. Ek hou daarvan om dit gedoen te sien word sonder gebedskaartjies, sodat julle sien die gebedskaartjie het niks daarmee te doen nie.

174 God, help ons vanaand. Nou bid ek dat U dit sal skenk. Ek het hiernatoe gekom in goeder trou, hiernatoe gekom in die geloof, in die geloof dat U dit sou doen. Ek bid dat U my nou sal help. Gee vir my van U Gees, Here. Skenk dit, sodat dit tot U eer kan wees. Ek bid, in Jesus' Naam. Amen.

175 Ja, hier is Dit. Dankie, Here. Glo God sal jou genees van daardie breuk, dame, jou gesond maak? Goed. Aanvaar dit. Steek jou hand op. Goed. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Jy het dit nie nodig nie.

Ek het nog nooit in my lewe daardie vrou gesien nie.

176 Is ons vreemdelinge vir mekaar, dierbare Suster? Ek ken jou nie. As dit reg is, steek jou hand op sodat die gehoor kan sien. Was dit jou probleem? Jy het daar gesit en bid, het jy nie? Nou het ek 'n kontak met jou. Jy het tot Jesus gebid: "Laat dit ek wees." Dit reg? Wuif jou hand *so*. Steek jou hand op, ja, goed, wuif jou hand, sodat hulle sien.

Nou, hoe het ek geweet waaroor sy gebid het, en die woorde wat sy gesê het? Sien? Sien julle nie? Dis Christus.

177 Hier, 'n dametjie het net haarself ombeweeg, wat nou daar sit. Wil jy oor daardie hartprobleem kom, Suster? Jy hoef nie hiernatoe te kom nie, kyk net *hiernatoe*. Wil jy oor jou hartprobleem kom? Goed. Steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar dit." Goed, gaan huis toe, jou hartprobleem is verby, Jesus Christus maak jou gesond.

178 Die dametjie wat reg agter haar sit, jy het vroueprobleme. Staan op as dit reg is. Goed. Het jy 'n gebedskaartjie? Het jy—jy een? Ek het nie bedoel om jou te noem nie. Goed. Gaan huis toe. Jy's . . . jy het . . . jy was gepla met jou oë, hulle raak ook dof. Is dit reg? Wuif jou hand. Nie omdat jy 'n bril op het nie, maar hulle raak dowwer. Goed. Hulle sal nou nie meer nie. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

179 Sê, doen my 'n guns, sal jy? Dat hulle mag weet, siende dat jy 'n kaartjie gehad het, daardie dame wat daar langs jou sit, sy, aan hierdie kant hier oorkant, wat daar ly aan 'n vergrote skildklier, glo jy dat Jesus Christus jou sal gesond maak? Dis 'n vergrote skildklier aan die binnekant, maar dis alles reg, glo, en dit sal van jou af weggaan. Goed.

180 Nou, as jy glo ek is 'n profeet van God, sit jou hand op die vrou langs jou, wat daar huil, die Engel van die Here is oor haar. Sy het probleme met haar kop. As dit reg is, staan op jou voete dame, die een wat ek toe pas genoem het. Goed. Staan op as dit die waarheid is, die een met die sakdoek in haar hand. Goed. Jesus Christus maak jou gesond, gaan huis toe, word genees.

181 Glo julle Hom? Nou, is daardie Engel Skriftuurlik? Hier, ver hier agter, daar is Hy daar ver agter, daar, ver agter. Daar's 'n man en sy vrou, die vrou het diabetes, die man het artritis. O, as ek hulle net kon laat verstaan! God, help my. Mnr. en Mev. Wilkerson, staan op julle voete, Jesus Christus maak julle gesond. Gaan huis toe en word gesond, Christus maak jou gesond.

182 Het julle 'n gebedskaartjie? Julle het nie? Julle het nie een nie, julle het nie een nodig nie. Terwyl julle op julle voete staan, luister hierna, vriende, ek ken nie julle nie, ken ek? As ek julle nie ken nie, skud julle hande heen-en-weer. Sien? Ek ken julle nie. Julle het daar gesit en bid. Is dit reg? Iets het met julle gebeur. Is dit reg? Goed. Is dit wat julle probleem was? Is dit wat julle naam was? Alles wat Hy gesê het, is reg? Waai julle hand terug soos *hierdie*, as dit reg is. Wuif julle hand. Goed. Daar het julle dit. Gaan huis toe, Jesus Christus maak julle gesond.

183 Wat het hulle aangeraak? Glo julle die Engel wat voor ons is, is die Engel van God? Dis nie ek nie. Ek ken nie daardie mense nie, ek getuig, hulle getuig, ons ken nie mekaar nie, so dit moet die Engel van die Here wees. En Hy doen die einste Skriftuurlike dinge wat Jesus gesê het Hy sou doen net voor dit brand soos Sodom. Amen!

Laat ons sien. As julle sal glo!

184 Hier, hier is Dit weer, net hier in die hoek. Wag, dis die dame, nee. Nou, net 'n oomblik. Nee, dit is nie die dame wat daar staan nie, dis die dame wat hier onder sit. Dis reg, 'n dametjie wat hier sit, ek het 'n kind gesien, maar dis 'n dame wat sit, en sy ly aan aambeie. En sy, dis haar dogtertjie wat daar sit, sy ly aan asma. Dis SO SPREEK DIE HERE. Staan op julle voete en aanvaar julle genesing, Jesus Christus maak julle gesond. Staan op, albei van julle. As ons vreemdelinge vir mekaar is, steek julle hande op, en wuif julle hande. Goed. Gaan huis toe, skat, dis alles verby, dogtertjie. Julle almal word gesond gemaak.

185 Glo julle? Kyk *hier*, kyk *hier*, kyk *hier*, *hier*, *hier*! Kan jy dit nie sien nie, Broer Jack? Kyk *hier*! [Broer Jack sê: "O, ja!"—Red.] Net *hier*, wat reg bokant hierdie man hier staan. Die man ly aan 'n breuk. Dis reg. Hy's nie van hierdie stad nie, van 'n stad met die naam van Orange. Dis reg. Sy naam is Mnr. Sack. Is dit reg, meneer? As ek 'n vreemdeling vir jou is, wuif jou hande heen-en-weer, soos *hierdie*. Jy het daar gesit, gesê: "Laat dit ek wees, Here." Is dit reg? Wuif jou hand.

186 O God! Hoe kan julle dit nie sien nie? Ek beveel elke siek persoon hierbinne om op julle voete te staan en julle genesing te ontvang, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Staan op, moenie bang wees nie. Glo Hom met jou hele hart. In Jesus' Naam! . . .? . . .

61-0121 Maria Se Geloof
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org